Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Arts and Social Sciences
Eyeathsi (Yezobugcisa) Nenzululwazi Ngentlalo
Lettere en Sosiale Wetenskappe

# Toelatingsvereistes en keuringskriteria vir voorgraadse programme

Hierdie dokument geld vir kandidate wat in 2026 in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte wil studeer. Raadpleeg asseblief die **Fakulteitsjaarboek** vir inligting oor die verskillende programme wat ons aanbied.

## 1. Wat is die doel van hierdie dokument?

Hierdie dokument is 'n uitbreiding van die Fakulteitsplan en fokus spesifiek op die praktiese aspekte van eerstejaarsinskrywingsbestuur.

As jy vir enige van die voorgraadse programme in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil inskryf, moet jy eers vir daardie program gekeur word; met ander woorde, al die Fakulteit se programme is keuringsprogramme. Hierdie dokument beskryf hoe die keuringsproses werk.

## 2. Hoekom moet ek vir 'n program gekeur word voordat ek by die Universiteit kan inskryf?

Die Universiteitsraad stel elke jaar sekere teikens vir die aantal studente wat by die Universiteit Stellenbosch (US) kan inskryf. Met hierdie teikens maak ons seker dat die US akademies uitnemend bly, dat ons studentekorps rassedivers is en dat sosio-ekonomies benadeelde studente 'n kans kry. (Jy kan 'n meer breedvoerige verduideliking in die Fakulteitsjaarboek lees.) Die Fakulteit keur studente om bogenoemde teikens te bereik. Dit beteken dat ons daardie studente keur wat die US die beste in staat sal stel om sy doelwitte te bereik. Dit beteken ook dat sommige aansoekers nie dadelik gekeur sal word nie en ander glad nie.

## 3. Hoeveel plekke is daar in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe?

Beskikbare plekke

| | |
|---|---|
| Algemene keuring | 655 |
| Eie keuring | 345 |
| VGP's | 100 |
| Ander fakulteite | 60 |
| Ander instansies | 40 |
| **Totaal** | **1200** |

Daar is 'n totaal van 1200 plekke in die Fakulteit vir eerste registrasies. Hiervan is **1100 plekke** vir nuweling eerstejaarstudente bedoel. Die oorblywende 100 plekke is vir studente van ander fakulteite aan die US (±60 plekke) of ander tersiêre instansies (±40 plekke). Van die 1100 plekke vir nuweling-eerstejaars is **650** plekke vir programme wat die Fakulteit se algemene keuringsproses volg, **345** plekke vir programme met programspesifieke keuringsprosesse en **100** plekke vir die verlengde graadprogramme

.

# 4. Die Fakulteit se toelatingsvereistes

## 4.1 Watter eksamineringsliggame se graad 12-uitslae word aanvaar?

Die Fakulteit aanvaar die graad 12-eksamenuitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), die Onafhanklike Eksamenraad (IEB) en die Suid-Afrikaanse Omvattende Assesseringsinstituut (SACAI).

## 4.2 Wat van internasionale aansoekers en aansoekers wat nie die NSS of IEB afgelê het nie?

Ons bepaal die punte vir aansoekers wat nie die NSS- IEB- of SACAI-eksamen afgelê het nie soos volg:

i. Vir aansoekers met 'n **Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat wat in 2007 of vroeë**r behaal is, gebruik ons die gemiddelde persentasie van hulle skooleindeksamen vir keuring.

ii. Aansoekers wat die **Cambridge-, Tuisskool-, School of Tomorrow- of 'n ander graad 12-eksamen afgelê het en alle internasionale aansoekers** se skooleindsertifikaat word na die Universiteit se internasionale dienssentrum verwys. Die dienssentrum gebruik dan 'n omrekeningstabel om 'n vergelykbare gemiddelde eindpersentasie aan hulle toe te ken, wat vir keuring gebruik word. (Die omrekeningstabel word opgestel en bygehou deur die Registrateurskantoor in samewerking met die US se internasionale dienssentrum.)

## 4.3 Wat is die Fakulteit se minimum toelatingsvereistes vir eerstejaars?

Om toegelaat te word tot enige program in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe moet jy eers aan die Fakulteit se algemene minimum toelatingsvereistes voldoen. Die vereisde vakke en die laagste punt wat jy mag hê, staan in die hoofstuk oor voorgraadse programme in die Fakulteitsjaarboek. *Omdat studieplekke beperk is, is die feit dat jy aan die toelatingsvereistes voldoen egter nie 'n waarborg dat die Fakulteit jou sal aanvaar of in 'n program sal plaas nie.*

## 4.4 Het sommige programme en vakke hulle eie toelatingsvereistes?

Ja, buiten die algemene toelatingsvereistes, kan programme ook hulle eie toelatingsvereistes hê, en sommige vakke ook.

Die volgende programme het nie 'n eie keuringsproses nie maar kan minimum toelatingsvereistes hê wat *hoër* is as die Fakulteit se minimum toelatingsvereistes. Programme wat ook as 'n verlengde graadprogram (VGP) aangebied word, word met 'n asterisk aangedui (kyk punt 6.4 hieronder vir meer oor die VGP's):

- BA (Geesteswetenskappe) *
- BA (Taal en Kultuur) *
- BA (Internasionale Studie) *
- BA (Menslike Hulpbronbestuur) *
- BA (Ontwikkeling en Omgewing) *
- BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese Studies (PPE))
- B in Datawetenskap (Fokusarea: Geoinformatika)

Raadpleeg asseblief die programinligting in die Fakulteitsjaarboek vir meer besonderhede: Vir programspesifieke vereistes, kyk in die hoofstuk "Voorgraadse Programme", en vir vakspesifieke vereistes, kyk in die hoofstuk "Vakke, Modules en Module-inhoude".

## 4.5 Watter programme het boonop hulle eie keuringsprosesse?

Benewens hulle programspesifieke toelatingsvereistes, het die volgende programme ook hulle eie keuringskriteria waarvolgens hulle finaal besluit wie tot die program toegelaat word. Hierdie programme kan net 'n vasgestelde aantal plekke vul (tussen hakies aangedui):

- BA (Drama- en Teaterstudie) [60]
- BA (Regsgeleerdheid) [50]
- BA (Visuele Kunste) [55]
- B in Maatskaplike Werk [100]
- Departement Musiek [80]
    - Hoër Sertifikaat in Musiek
    - Diploma in Praktiese Musiek
    - Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek
    - BA (Musiek)
    - BMus

Jy kan meer besonderhede kry in die Fakulteitsjaarboek onder "Voorgraadse Programme".

# 5. Moet ek die Nasionale Normtoetse (NNT's) skryf?

NNT-uitslae is gewoonlik *nie* nodig vir aansoekers wat die NSS-, IEB- of SACAI-eksamen geskryf het nie, maar sommige programme kan van jou verwag om NNT's te skryf. Maak asseblief seker hiervan deur die toelatingsvereistes van die program waarvoor jy wil aansoek doen in die Fakulteitsjaarboek op te soek.

Indien jy 'n School of Tomorrow-aansoeker is, moet jy jou NNT's aflê voor **30 September** in die jaar voordat jy aan die US wil begin studeer. Dit sal help om te verseker dat jou toelating en plasing voor die einde van daardie jaar afgehandel word.

# 6. Hoe ons aansoeke verwerk en plasings doen

## 6.1 Wat is die sluitingsdatum vir aansoeke?

Jou aansoek moet elektronies ingedien word teen **31 Julie** van die jaar voordat jy aan die US wil begin studeer. Laat aansoeke sal slegs op meriete beoordeel word en plasing sal daarvan afhang of daar nog plek oor is.

6.1.1 **Ander belangrike datums:**

- **30 September:** Datum waarteen jy jou voorwaardelike aanbod moet aanvaar (kyk punt 6.2.2 hier onder).
- **31 Oktober:** Inleweringsdatum as jy wil versoek dat 'n aanbod van hierdie Fakulteit wat jy voorheen verwerp het, heringestel moet word (kyk punt 6.3 hier onder).
- **25 Januarie** van die jaar waarin jy wil begin studeer: Sluitingsdatum vir aansoeke om toegelaat te word tot 'n verlengde graadprogram as jy op grond van jou finale graad 12-punte nie in die hoofstroomprogram aanvaar is nie (kyk punt 6.4 hier onder).

## 6.2 Hoe word aansoeke verwerk?

6.2.1 Slegs *volledige aansoeke* word oorweeg. 'n Volledige aansoek is 'n aansoek waarvan al die ondersteunende dokumentasie ingedien is (soos beskryf op die aansoekvorm). Die dag waarop ons die *volledige* aansoek ontvang word beskou as die aansoekdatum. Indien die aansoek ná 31 Julie eers as volledig gemerk word, tel dit as 'n laat aansoek.

6.2.2 Aansoeke wat teen 31 Julie ontvang is vir een van die **programme wat nie hulle eie keuringsproses het nie** maar van die Fakulteit se algemene keuringsproses gebruik maak, word soos volg hanteer:

i. Die Fakulteitsbestuur bepaal elke jaar wat die laagste gemiddelde punt sal wees waarop aansoekers outomaties voorwaardelik toegelaat sal word – dit is die *afsnypunt*. Hierdie besluit word gebaseer op toelatings- en registrasietendense van die verlede.

ii. **Outomatiese keuring:**

**Aansoekers met 'n finale graad 11-punt** *gelyk aan of hoër as* die afsnypunt en wat aan die betrokke programspesifieke toelatingsvereistes voldoen, word outomaties gekeur. Jy kry 'n *voorwaardelike aanbod* van aanvaarding, ongeag jou ras of sosio-ekonomiese status. Jy moet hierdie aanbod teen **30 September** aanvaar, anders verval dit. (Jy sal jou finale aanbod ontvang sodra jou finale Graad 12-uitslae in Januarie bekend is.)

Aansoekers wat reeds 'n **Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)** het, asook 'n graad 12-gemiddeld *gelyk aan of hoër* as die afsnypunt, en wat aan die Fakulteit se minimum toelatingsvereistes en die betrokke programspesifieke of vakspesifieke toelatingsvereistes voldoen, ontvang outomaties 'n *finale aanbod* van aanvaarding. Jy moet hierdie aanbod teen **30 September** aanvaar.

iii. **Verdere keuring:**

Na die outomatiesekeuringsrondte word aansoekers wat *nie* aanvaar is nie op grond van die volgende verder gekeur:

- die beskikbare plekke
- jou akademiese meriete
- die teikens vir Bruin, Swart, Indiër en Asiër- (BSIA-)studente
- jou sosio-ekonomiese status.

As jou aansoek suksesvol is, sal die Fakulteit jou in kennis stel dat jy gekeur en voorwaardelik toegelaat is.

6.2.3 Aansoeke vir een van die **programme met 'n programspesifieke keuringsproses** word volgens die betrokke program se keuringsbeleid hanteer. Aangesien hierdie keuringsproses lank neem, word jy *voorwaardelik aanvaar* vir *'n ander* program wat volgens die Fakulteit se algemene keuringsproses werk, solank jy aan daardie program se vereistes voldoen.

Indien jy dan later 'n aanbod ontvang vir 'n program met 'n eie keuringsproses, kan jy kies om die eerste voorwaardelike aanbod van die hand te wys en die nuwe aanbod op of voor die sluitingsdatum op jou aanbodbrief te aanvaar

Indien die plekke in programme met programspesifieke keuringsprosesse nie almal gevul word nie, kan die oorblywende plekke oorgedra word aan ander programme wat slegs die Fakulteit se algemene keuringsproses volg.

## 6.3 Mag ek meer as een aanbod op 'n slag aanvaar?

Nee, indien jy 'n aanbod van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe ontvang en aanvaar het en dan daarna 'n aanbod van 'n ander fakulteit wil aanvaar, moet jy die oorspronklike aanbod van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe *eers van die hand wys* voordat jy die ander fakulteit se aanbod kan aanvaar, Indien jy later weer besluit om terug te keer na 'n programkeuse in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe moet jy dit skriftelik versoek teen **31 Oktober** van die jaar voor jy by die US wil registreer. Ons sal jou versoek oorweeg as daar nog plek is.

## 6.4 Hoe word ek vir 'n verlengde graadprogram gekeur?

Daar is 'n maksimum van 100 plekke in verlengde graadprogramme (VGP's) beskikbaar en slegs kandidate wat aan die US se vereistes vir toelating tot 'n VGP voldoen word toegelaat.

Om vir 'n VGP oorweeg te word, moet jy 'n gemiddeld van ten minste 60% in die NSS-/IEB-/SACAI-eksamen behaal, Lewensoriëntering uitgesluit. Ons vul die plekke in 'n VGP met kandidate wie se graad 12-gemiddeld net onder die afsnypunt vir die hoofstroomprogram val. Die *doelpale* vir hierdie toelating *skuif* dus rond omdat die werklike minimum punt vir toelating tot 'n VGP van jaar tot jaar kan verander. Die minimum punt varieer volgens die punte van die kandidate wat tot die hoofstroomprogram toegelaat word. Jou sosio-ekonomiese status word ook vir toelating tot 'n VGP oorweeg.

Indien jy in 'n VGP aanvaar is, kan jy nie, nadat die NSS-/IEB-/SACAI-uitslae beskikbaar gemaak is, vra om na 'n hoofstroomprogram oor te skakel nie.

Indien jy voorwaardelik tot 'n hoofstroomprogram toegelaat is, maar jou finale NSS-/IEB-/ SACAI-punte nie hoog genoeg is vir toelating tot 'n daardie program nie, mag jy vra om tot 'n VGP toegelaat te word. Dien jou versoek in by askfass@sun.ac.za teen **25 Januarie** van die jaar waarin jy aan die US wil registreer. Merk asseblief die versoek "FLSW: Heroorweging vir VGP". Jou versoek sal oorweeg word as daar nog plek is nadat die studente wat reeds aanvaar is, geregistreer het.

## 7. Hoe werk die oorbesprekingstelsel en is daar 'n waglys?

Ons gebruik 'n oorboekstelsel omdat nie alle aansoekers wat gekeur word uiteindelik hulle plekke opneem en registreer nie. 'n Geskikte oorboekkoers word jaarliks bepaal aan die hand van historiese tendense, die aantal aansoeke wat teen 31 Julie ontvang is en die aantal aansoekers wat teen daardie tyd outomaties voorlopig toegelaat is.

'n Waglys sal slegs gehou word as die projeksies volgens historiese registrasiekoerse daarop dui dat daar nog plekke beskikbaar kan wees.